

In die tent van die Seun, leer ons die Vader van naby ken, soos Hy is.

Skrifvoorlesing: Johannes 1:1-15

Teks: *“En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlijkheid aanskou, heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.”(1:14)*

“Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het (Hom) verklaar.”(1:17,18)

Een van die lekker dinge van kampeer is dat dit mense naby aan mekaar bring. As die nuwe kampeerder sy karavaan of tent opslaan kan jy nie anders as om sy kampeergoed raak te sien nie. Jy hoor hoe hulle praat en mekaar opdragte gee om hul tent staan te maak. Jy help hulle selfs om hulle goed uit te pak en hulle kamp in te rig. So leer jy mekaar sommer gou ken.

Die ware God, in wie ons glo, is so naby-God. Eers het Hy aan Moses opdragte gegee om die tabernakel op te rig. Dit was tent-tempel wat reg in die middel van die Israeliete se kamp opgeslaan is. So kon hulle Hom leer ken as die God en Vader wat in hulle midde woon. Maar hulle het nie direkte toegang tot Hom gehad nie. Daar was reëls vir die priesterdiens en voorskrifte vir die volk wat gemaak het dat hulle Hom net op afstand kon leer ken. Toe kom Jesus Christus, die Seun van God as tent (tabernakel) by wie God soveel nader tussen sy volk inwoon. Die Vader self kan steeds nie gesien word nie, maar ons leer Hom nou direk en persoonlik ken in die Persoon van die Seun. Hy is nie meer versluier agter reëls en voorskrifte nie, want *“die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo”(2Kor 3:14).*

Nou hoe is ons God en Vader dan? Vol genade en waarheid. Dis waaruit sy “heerlikheid” bestaan. Hy is die ene genade en waarheid. Hy is wat Hy is. Soos die Seun is, so is Hy.

Hoekom is dit so belangrik om Hom reg te ken? Want ons is *“uit God gebore”(1:13)!* Ons geestelike mens is hier net soos ons natuurlike mens: Ons wil wéét wie ons pa of ma is! Wie God reg ken, leer homself ken as nuwe, geestelike mens (kind van God). Nou leef ons nie meer “volgens wet” nie, want die wet maak dood. Ons leef uit God onder die hoofskap van Christus. So kry ons lewe in Christus nuwe betekenis as deel van die tabernakel van God.

Toerusting:

Wie is die Vader?

NGB, art 8: Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.

Hoe raak dit my?

Kategismus, Sondag 9: Hy is ter wille van sy Seun Christus my God en Vader.
Hy sal my versorg met alles wat ek vir
liggaam en siel nodig het.
Hy kán dit doen as almagtige God.
Hy wíl dit doen as getroue Vader.

Wat verwag Hy van my?

Kategismus, Sondag 10: Geduldig in teëspoed, dankbaar in voorspoed, altyd
gelowig dat niks my van sy liefde kan skei nie.